



eduresourceza.com

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 12: VRAESTEL 1
REKORDEKSAMEN 2024
NASIENRIGLYNE

CURRO

AFDELING A: LEESBEGRIIP

Vlak 1: Bloom 1 en 2 (Onthou/kennis, 30%)

Vlak 2: Bloom 3 (Begrip/insig/pas toe op, 40%)

Vlak 3: Bloom 4-6 (Toepassing, analise, ontleed, evaluering, sintese, 30%)

VRAAG 1: ARTIKEL

Suid-Koreaner steel harte met skreeusnaakse Afrikaanse video's
(476 woorde)

In hierdie afdeling:

- word spelling nie gemerk nie;
- word taalfoute nie gepeenaliseer nie; en
- word Engelse woorde geïgnoreer.

#	ANTWOORD:	PUNT	VLAK	BESKRYWING
1.1	Wat is die naam van MJ se geboorteland?			
	Suid-Korea (ns)	1	1	Soek
1.2	Waarom steel MJ se Afrikaanse TikTok-video's die afgelope drie jaar mense se harte?			
	Dit is snaaks. / Dit beeld die land se diversiteit op 'n snaakse manier uit.	1	2	Identifiseer
1.3	Waarom het die Cho-gesin besluit om na Suid-Afrika te immigrêre?			
	Hulle het besluit om te immigrêre as gevolg van Suid-Korea se onstabiele politieke klimaat. / Hulle het besluit om te immigrêre as gevolg van die ekonomiese uitdagings. [Aanvaar enige een.]	1	2	Gevolgtrekking
1.4	1.4.1 Was dit maklik vir die Cho-gesin om in 1997 in Suid-Afrika aan te pas?			
	Nee. (nie)	1	3	Afleiding
	1.4.2 Haal agt opeenvolgende woorde uit paragraaf 5 aan om jou antwoord op Vraag 1.4.1 te bewys.			
	"die politieke klimaat nog 'n bietjie onstabiel was"	1	2	Begrip
1.5	Waarom het MJ se ouers hom in 'n Afrikaanse hoërskool geplaas?			
	Hulle het navraag gedoen en dit was die beste skool.	1	3	Afleiding
1.6	Hoe weet ons dat MJ moontlik alleen gevoel het tydens sy laer- en hoërskooljare?			
	Hy was die enigste Asiatiese kind. / Hy was die enigste kind van Suid-Koreaanse kom.			

	hoërskool. / Hy was nie Afrikaans-sprekend nie en is in 'n Afrikaanse skool geplaas.	1	4	Interpreteer
1.7	Antwoord WAAR of ONWAAR op die volgende stelling:			
	MJ het van jongs af reeds leierseienskappe getoon.			
	Haal 'n sin aan om jou antwoord te bewys.			
	Waar. "In gr. 7 het hy boonop sy skool se eerste Asiatiese prefek geword."	2	1 & 4	Soek en motiveer
1.8	Waaruit kan ons aflei dat MJ Afrikaans op skool baie geniet het?			
	Sy Afrikaans-punte was 10% hoër as sy Engels-punte. / Hy praat met lof van sy Afrikaans-onderwysers. / Sy Afrikaans-onderwysers het die vak lekker gemaak. / Sy liefde vir Afrikaans is deur sy Afrikaanse onderwysers gekweek.	1	4	Afleiding
1.9	Gee EEN rede wat vir die leser wys dat MJ die Suid-Afrikaanse kultuur geniet.			
	Hy hou van braai/biltong/rugby. / Hy sal in enige land 'n plan maak om 'n vuurtjie aan te steek.	1	3	Verstaan
1.10	Hoe weet ons dat MJ se pa baie in sy TikTok-video's belangstel?			
	Sy pa deel idees vir TikTok-video's met MJ.	1	3	Verstaan
		[12]		

VRAAG 2: GRAFIEK

Die Brics-lande in 'n neutedop.
(188 woorde)

#	ANTWOORD:	PUNT	VLAK	BESKRYWING
2.1	Waarvoor staan die akroniem Brics?			
	Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika	1	3	Afleiding
2.2	Vir hoeveel jaar vind die Brics-beraad al plaas?			
	15 jaar	1	1	Soek
2.3	Watter Brics-land is, per vierkante meter (km ²), die grootste?			
	Rusland	1	1	Soek
2.4	Watter land is per capita die armste?			
	Indië	1	3	Verstaan

2.5	Waarom, dink jy, het Rusland se ekonomie weens die oorlog teen Oekraïne gekrimp? Motiveer jou antwoord volledig.			
	Lande het steun aan Rusland onttrek. / Lande belê nie meer in Rusland nie. / Geld word in Rusland aan oorlogvoering bestee. [Oorweeg enige gemotiveerde afleiding.]	2	4	Afleiding
2.6	Watter land het die grootste ekonomie in die wêreld?			
	Amerika	1	3	Interpreteer
2.7	Hoeveel Afrika-lande wil by die Brics-lande aansluit of is genooi om by Brics aan te sluit?			
	Drie (3)	1	3	Verstaan
2.8	Waar in Suid-Afrika het die konferensie plaasgevind?			
	Sandton	1	2	Verstaan
		[9]		

VRAAG 3: SPOTPRENT

Skole toe oor Kaapse storm
(25 woorde)

#	ANTWOORD:	PUNT	VLAK	BESKRYWING
3.1	Om watter rede is Kaapse skole vir twee dae in April gesluit?			
	Die skole is gesluit as gevolg van stormweer.	1	3	Verstaan
3.2	Hoe kan ons aan die hond se optrede sien dat hy bang en verwilderd is?			
	Die hond kruip agter die koerant/papier weg. / Die hond staan teen die pa se bene. / Die hond bly binne	1	3	Afleiding
3.3	In watter tipe publikasie het die berig oor die Kaapse storms verskyn?			
	Koerant (aanlyn)	1	1	Roep op
3.4	Watter woord beskryf die pa se gesigsuitdrukking die beste?			
	Skryf slegs die korrekte alfabetletter as antwoord neer.			
	A Verslae			
	B Kwaad			
	C Ongelukkig			
	D Ontevrede			
	A Verslae	1	3	Interpreteer

3.5	Hoe weet ons dat Willie en Wikus bly is om terug skool toe te gaan?			
	3.5.1 Verwys na hulle aksies.			
	3.5.2 Verwys na hulle gesigsuitdrukings.			
	3.5.1 Hulle hardloop by die huis uit. (loop vinnig)	1	3	Verstaan
	3.5.2 Hulle glimlag.	1	1	Soek
3.6	Kyk na die huis agter die ma en pa. Noem enige DRIE visuele leidrade wat daarop dui dat die tweeling verwoesting in die huis gesaai het.			
	Die mure is gekraak. / Die voëlhok is omgegooi. / Die voël is bang. / Die portrette hang skeef teen die muur. / Die blompot is omgekeer. / Die stoel lê omgegooi. / Die staanlamp lê teen die muur. [Aanvaar ENIGE DRIE.]	3	4	Analiseer
		[9]		

AFDELING B: OPSOMMING
WENKE VIR MATRIEKS SE WISKUNDE-EKSAMEN
(256 woorde)

Die volgende moet in ag geneem word tydens assessering:

- Sinne moet van 1–5 genommer word, geen kolpunte mag gebruik word nie.
- 'n Sin moet 'n werkwoord bevat.
- Elke punt bevat 'n wenk en 'n rede. Dus tel elke sin 2 punte. As die opgesomde sin dus gedeeltelik korrek is, word 1 punt toegeken.
- Een wenk mag nie oor twee punte strek nie.
- Voegwoorde kan gebruik word om die wenk en rede te verbind **of** jy kan **twee** sinne gebruik.
- Indien al vyf sinne korrek is, behaal die kandidaat 10 uit 10.
- Sinne mag nie direk uit teks aangehaal word nie, maar kandidaat mag woorde/frases uit teks gebruik.
- Taalfoute word nie meer gepeenaliseer nie. Elke punt moet egter die betrokke wenk en rede korrek kommunikeer.
- Spelfoute word nie gepeenaliseer nie tensy dit die betekenis beïnvloed.
- Minus ½ vir elke direkte aanhaling, dus 2½ in totaal.
- Minus 1 as kandidaat nie woordtelling aandui nie.
- Minus 1 as daar minder as 60 of meer as 80 woorde is.
- 'n/en/die (lidwoorde) tel as deel van die woordtelling.
- Minus 1 as die getal woorde nie korrek neergeskryf is nie.
- Beplanning MOET doodgetrek word.

#	WENK	REDE	PUNT	BESKRYWING
1	Gaan slaap vroeg en moenie die aand voor die tyd leer nie. (12 woorde)	Dit hou jou brein vars en die skryf makliker. (9 woorde)	2	Parafraseer

2	Staan vroeg op en eet 'n ontbyt met proteïen sonder vet. (11 woorde)	Vetterige kos maak jou moeg en lui. (7 woorde)	2	Parafraseer
3	Moenie stres nie en drink 'n kalmeermiddel. Konsidireer moenie stres en rede/aanbeveling vir twee punte (7 woorde)	Mens onthou beter as jy kalm is. / As jy stres vergeet jy. (7 woorde)	2	Parafraseer
4	Drink genoeg water. (3 woorde)	Dit verfris jou brein. (4 woorde)	2	Parafraseer
5	Moenie tydmors as jy nie vrae kan beantwoord nie. Te doen met tyd en rede/aanbeveling vir twee punte. (9 woorde)	As mens tydmors, voltooi mens nie die vraestel nie. (9 woorde)	2	Parafraseer
78 woorde				
			[10]	

Simbool	Omskrywing	Punte verloor
FA	Foutiewe aanvang: 3 of meer sinne is nie begin soos gevra nie. (bv. Begin met 'n werkwoord...)	-1
F	Formaat: - Sinne is nie genommer nie. - Kolpunte is gebruik (of bloot net reëls tussen sinne oopgelaat). - Kandidaat het opsomming in paragraafvorm aangebied.	-1
WT	Woordtelling: Geen woordtelling is aangedui nie.	-1
L	Lengte: Die opsomming is te lank of te kort volgens graadvereistes.	-1
LL	Kandidate was oneerlik oor die lengte, bv. die kandidaat het aangedui dat hy/sy 70 woorde geskryf het, maar daar is eintlik 100 woorde.	-1
DA	Direkte aanhaling: Penaliseer vir elke sin wat direk aangehaal is (frases en woorde uit die teks mag wel gebruik word). Indien die aangehaalde sin verkeerd is, word punte nie afgetrek nie.	-1

AFDELING C: POËSIE**VRAAG 5: VOORBEREIDE GEDIG****Sondagaande – Fanie Viljoen****In hierdie afdeling:**

- Spelling van letterkundige terminologie (soos byvoorbeeld alliterasie en assonansie) moet so akkuraat as moontlik wees.
- Geen Engelse woorde word nie aanvaar nie.
- Taalfoute word nie gepeenaliseer nie.

#	ANTWOORD:	PUNT	VLAK	BESKRYWING
5.1	Verduidelik waarom die meervoudsvorm van die woord Sondagaand in die titel van die gedig gebruik word?			
	Dit dui daarop dat dit nooit ophou nie. / Die druk en verantwoordelikheid hou nooit op nie. / Die herhalende proses. / elke week.	1	3	Toepas
5.2	Wat word 'n gedig sonder rymskema, met min hoofletters en min leestekens genoem?			
	Vrye vers	1	1	Onthou
5.3	Benoem die TWEE tipes beeldsprake wat in versreël 1 van die gedig voorkom.			
	Personifikasie en metafoor.	2	1	Herken
5.4	Haal 'n versreël met 'n voorbeeld van alliterasie uit die gedig aan en onderstreep die gedeeltes wat geallitereer word.			
	<u>s</u>ielalleen voor <u>S</u>ondagaande <u>s</u>taan / <u>s</u>tuur sy / <u>s</u>tadse [Aanvaar enige ander gepaste voorbeeld van alliterasie uit die gedig.]	1	1	Herken
5.5	Letterlik verwys die woord “hulle” in versreël 2 na die roofvoëls.			
	Waarna verwys die woord “hulle” in versreël 2 na op 'n figuurlike vlak?			
	Dit verwys na negatiewe gedagtes/stres/depressie/angs op 'n Sondagaand. [Aanvaar soortgelyke antwoorde as korrek.]	1	4	Analiseer
5.6	Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer.			
	Die wending in die gedig vind in versreël ____ plaas.			
	A 3			

	B 4			
	C 5			
	D 6			
	B	1	2	Onthou

5.7	Waarom word die woord “laer” in versreël 4 herhaal?			
	Die spreker word meer depressief. / Die spreker word al hoe meer in sy negatiewe gedagtes vasgevang. / Beklemtoon dat die voëls naderkom. /Beklemtoon dat die negatiwiteit meer intens word.	1	4	Analiseer
5.8	Na wie verwys die woord “prooi” in versreël 7?			
	Alle mense wat Sondagaande so depressief en alleen voel./ werkersklas [Moet die mense skakel met mense wat Sondagaande op 'n negatiewe manier beleef.]	1	3	Toepas
5.9	Waarom, dink jy, maak Sondagaande die meeste mense depressief of swarmoedig?			
	Die naweek is verby/rus is verby. Die week met werk en uitdagings lê voor.Maandag is die volgende dag. [Aanvaar enige ander gemotiveerde antwoord.]	1	4	Ontleed
		[10]		

VRAAG 6: GESIENE GEDIG				
Vraagteken – Tanya Joubert				
#	ANTWOORD:	PUNT	VLAK	BESKRYWING
6.1	Watter tipe spreker is in die gedig aan die woord?			
	Ek-spreker	1	1	Onthou
6.2	Wat word 'n strofe wat uit vier versreëls bestaan, genoem?			
	Kwartyn	1	1	Onthou
6.3	Voltooi die sin deur uit die antwoorde hieronder te kies. Skryf slegs die korrekte alfabetletter neer.			
	In versreëls 9 en 10 word 'n voorbeeld van _____ gekry.			
	A Metafoor			
	B Personifikasie			
	C Vergelyking			
	D Sinestesie			
	C Vergelyking	1	2	Herroep
6.4	Antwoord WAAR of ONWAAR of die volgende stelling.			
	In die gedig tref ons 'n wending aan.			

	Haal 'n sin aan om jou antwoord te bewys.			
	Waar, “Miskien het jy my naam al uitgegee.”	2	4	Ontleed

6.5	Verduidelik die gebruik van die akuutaksente op die woorde “jý” en “ál” in versreël 13.	1	4	Ontleed
	Dit dui aan dat sy niemand anders wil hê nie. Dit kan ook aandui dat hy alles vir haar beteken, dat haar hele bestaan van hom afhang. / Beklemtoon haar behepthed met die seun. / persoon is belangrik.			
6.6	Hoekom is die “smiley faces (☺ ☺)” in versreël 18 in die gedig ironies?			
	Die spreker se onsekerheid maak haar morbied en sy het geen rede om te glimlag nie. / Sy hoop dat die aangesprokene ook verlief is, (weet nie of hy verlief is op haar) maar in plaas van ‘n hartjie gebruik hy bloot gesiggies. (tweeledge antw.)	1	3	Toepas
6.7	Lees weer versreël 19.			
	Waarom kan die “hy” in die versreël nog nie die ek-spreker se naam spel nie?			
	Die aangesprokene/die “hy” voel dalk nie dieselfde oor die ek-spreker nie. Of die aangesprokene/die “hy” weet nie dat die ek-spreker so oor hom voel nie. / Die aangesprokene/die “hy” is nog onbekend. / Die aangesprokene/die “hy” is bloot ‘n fantasie.	1	4	Analiseer
6.8	Na watter leesteken word daar in versreël 20 verwys. Skryf die naam volledig uit.			
	’n Vraagteken.	1	1	Herken
6.9	Haal ‘n voorbeeld van alliterasie uit die koeplet aan.			
	Net jammer jóú naam, is nog net ‘n / jammer jou	1	3	Herken
		[10]		

VRAAG 7: ONGESIENE GEDIG**Ek wil – Ronelda S Kamfer**

#	ANTWOORD:	PUNT	VLAK	BESKRYWING
7.1	Die gedig is ‘n voorbeeld van vrye vers.			
	Gee TWEE redes waarom die gedig as vrye vers gesien kan word.			
	Die verslengtes is onreëlmatig. Die strofes volg nie ‘n vaste patroon nie.	2	2	Identifiseer

	<i>Daar is nie 'n vaste rymskema nie, hoewel rymwoorde dikwels wel voorkom. Die normale leestekengebruik kom nie voor nie. [Enige TWEE.]</i>			
7.2	Waarom, dink jy, het die ek-spreker die gedig geskryf?			
	<i>Sy is verlief. [Aanvaar enige omskrywing wat dui op verliefdheid, eerste liefde.]</i>	1	4	Analiseer

7.3	Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer.			
	Die ek-spreker impliseer in strofe 1 dat ...			
	A Tyd vinnig moet verbygaan.			
	B Tyd moet stilstaan.			
	B Tyd moet stilstaan	1	3	Verstaan
7.4	Wat is die funksie van die baie enjambemente in hierdie gedig?			
	<i>Dit versnel die tempo van die gedig. / Bind die strofes tot 'n eenheid.</i>	1	3	Toepas
7.5	Wat word 'n strofe wat uit drie versreëls bestaan, genoem?			
	Tersine	1	1	Onthou
7.6	Lees weer strofe 3.			
	Dink jy die gebruik van die Engelse woorde in strofe is funksioneel? Verwys na BEIDE Engelse woorde in jou antwoord.			
	<i>Ja, Red Bull is die naam van 'n energiedrankie en daarom in Engels. "high five" pas by die woordgebruik van 'n tiener. [Aanvaar enige ander gepaste antwoorde.]</i>	2	4	Analiseer
7.7	Waarom, dink jy, kan strofe 5 as ironies gesien word?			
	<i>Mens wil nie hê jou vriende moet sê dat jy verander het as jy in 'n nuwe verhouding is nie. Hier noem die ek-spreker dat sy dalk nie haarself tussen haar vriende is nie / hulle ken nie die ware "sy" nie. Sy kan haarself wees in die verhouding. / Gewoonlik wil 'n mens nie hê dat jou liefdesverhouding vriendskappe beïnvloed nie, maar sy wil "anders" vir haar vriende wees. / wil vry wees maar gooi haarself in die minnaar se arms in.</i>	2	5	Evalueer
		[10]		

VRAAG 8: SINSTRUKTURE**In hierdie afdeling:**

- 'n Sin is reg of verkeerd. Geen ½ punte by saamgestelde sinne nie.
- Geen leestekens word geenaliseer nie.
- Geen halfpunte word in die vraag toegeken nie.

#	ANTWOORD:	PUNT	VLAK	BESKRYWING
8.1	Die pa sien die chaos in die huis. Die pa glip met sy gholsak by die deur uit..			
	Nadat ...			
	<i>Nadat die pa die chaos in die huis gesien het, glip hy met sy gholsak by die deur uit. / Nadat die pa die chaos in die huis gesien het, het hy met sy gholsak by die deur uitgeglip.</i>	1	4	Toon begrip
8.2	Die ma moet die huis vinnig skoonmaak.			
	Die ma hoef ...			
	<i>Die ma hoef nie die huis vinnig skoon te maak nie.</i>	1	3	Herformuleer
8.3	Die kleuters het die kombuis heeltemal verwoes.			
	Die kombuis ...			
	<i>Die kombuis is heeltemal deur die kleuters verwoes.</i>	1	3	Herformuleer
8.4	Die ma het haar vriendin oor die deurmekaar kombuis gebel.			
	Vandag ...			
	<i>Vandag bel die ma haar vriendin oor die deurmekaar kombuis.</i>	1	4	Toon begrip
8.5	Die pa moet die ma daagliks help.			
	Die pa behoort ...			
	<i>Die pa behoort die ma daagliks te help.</i>	1	2	Onthou
8.6	Daar is êrens 'n vadoek in die kombuis.			

	Nee ...			
	<i>Nee, daar is nêrens 'n vadoek in die kombuis nie.</i>	1	3	Herformuleer
8.7	Die pa pak sy gholfsak om golf te gaan speel.			
	Volgende Saterdag ...			
	<i>Volgende Saterdag sal die pa sy gholfsak pak om golf te gaan speel.</i>	1	3	Herformuleer

8.8	Die kleuters bak en brou in die kombuis, want dit is die komende Sondag Moedersdag.			
	Die kleuters bak en brou in die kombuis omdat ...			
	<i>Die kleuters bak en brou in die kombuis omdat dit die komende Sondag Moedersdag is.</i>	1	1	Onthou
8.9	Die dogtertjie vra vir haar ma: "Weet jy hoe om die woord "gelukkig" te spel?"			
	Die dogtertjie vra vir haar ma ...			
	<i>Die dogtertjie vra vir haar ma of sy weet hoe om die woord "gelukkig" te spel.</i>	1	3	Herformuleer
8.10	Die ma is streng met die kleuters. Die kleuters luister nie na haar nie.			
	Al...			
	<i>Al is die ma streng met die kleuters, luister hulle nie na haar nie.</i>	1	3	Toon begrip
8.11	Die ma wil net 'n rustige Moedersdag-ontbyt geniet.			
	Gister ...			
	<i>Gister wou die ma net 'n rustige Moedersdag ontbyt geniet het. / Gister wou die ma net 'n rustige Moedersdag ontbyt geniet.</i>	1	2	Onthou
8.12	Die pa kyk oor sy skouer, want hy kyk na die chaos in die huis.			
	Die pa kyk oor sy skouer om ...			
	<i>Die pa kyk oor sy skouer om na die chaos in die huis te kyk.</i>	1	3	Herformuleer
		[12]		

VRAAG 9: WOORDSTRUKTURE

In hierdie afdeling:

- Geen spelfoute word toegelate.

Downloaded from eduresourceza.com

• Geen halfpunte word toegelaat nie. • Woord is of reg of weg.				
#	ANTWOORD:	PUNT	VLAK	BESKRYWING
9.1	splinternuwe	$\frac{1}{2}$	1	Onthou
9.2	televisie	$\frac{1}{2}$	1	Onthou
9.3	deur	$\frac{1}{2}$	3	Onderskei
9.4	gebreekte	$\frac{1}{2}$	2	Onthou
9.5	daaglik	$\frac{1}{2}$	1	Onthou
9.6	hulpsentrum	$\frac{1}{2}$	4	Onthou
9.7	bekwame	$\frac{1}{2}$	3	Onthou
9.8	navraag	$\frac{1}{2}$	3	Onthou
9.9	verskeie	$\frac{1}{2}$	3	Onderskei
9.10	daarmee	$\frac{1}{2}$	4	Herformuleer
9.11	beter	$\frac{1}{2}$	2	Herformuleer
9.12	hare	$\frac{1}{2}$	2	Onthou
9.13	Sa.	$\frac{1}{2}$	3	Klassifiseer
9.14	halftwaalf	$\frac{1}{2}$	1	Onthou
9.15	koerier	$\frac{1}{2}$	3	Vertaal
9.16	oproep	$\frac{1}{2}$	2	Onthou
		[8]		

VRAAG 10: KOMMUNIKASIE**In hierdie afdeling:**

- $\frac{1}{2}$ + $\frac{1}{2}$ vir omskrywing van vetgedrukte woorde (INHOUD)
- $\frac{1}{2}$ + $\frac{1}{2}$ vir taalgebruik (woordordefout, ontbrekende woorde, inkorrekte woordkeuse word gepeenaliseer met 'n halfpunt) + (spelling word nie gepeenaliseer nie) + (Engelse woorde word doodgetrek en sin word herlees).
- Aantal woorde oorskry / te min / nie aangedui nie = - $\frac{1}{2}$ per respons.

#	ANTWOORD:	PUNT	VLAK	BESKRYWING
10.1	Ek het na almal verlang. Ek is so dankbaar dat ek genooi is en om julle weer te sien. [19 woorde]	2	3 & 4	Interpreteer
10.2	Dit gaan reën en ons moet 'n plan maak. Ons kan 'n sambreel gebruik of die braai skuif. [18 woorde]	2	3 & 4	Interpreteer
10.3	Ek is die beste braaier! Ek kan die heel lekkerste tjops op die kole braai. [15 woorde]	2	3 & 4	Interpreteer
10.4	Jy is regtig 'n uitstekende braaier. Dis die lekkerste tjop wat ek al ooit geëet het. [16 woorde]	2	3 & 4	Interpreteer
10.5	Ek is so jammer ek is laat. Die verkeer hierheen was ongelooflik swaar. [13 woorde]	2	3 & 4	Interpreteer
		[10]		